Vrydag **12 Januarie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 15:1-21**

**Fokusgedeelte: Eksodus 15:18 (AFR83)**

**Die Here is my krag en my beskerming**

Die volk is pas op droë grond deur die Rooisee gelei en die farao en al sy manne het in daardie selfde Rooisee verdrink. Dan sien ons die pragtige reaksie van die volk – hulle sing tot eer van die Here. Die uitkoms wat die Here beloof het, het vir hulle werklikheid geword. Hulle is bevry uit die mag van die Egiptenare. Hulle antwoord in doelgerigte sang. Hulle sing om die Here, die Een wat die uitkoms bewerk het, te verheerlik.

In die hele lied sien ons die volk se kennis van wie God is:

- Die Here is my krag en my beskerming.
- Hy het tot my redding gekom.
- Hy is my God.

God se verbondsbeloftes word verwesenlik in die uitkoms wat Hy bring. Hy is steeds ’n God vir sy volk. Niemand kan in die pad staan waar God werksaam is nie. Die Egiptenare en hulle magtige leër van strydwaens kon nie die mag van God stuit nie.

Die redding wat die volk beleef het en die emosie wat daarmee saamgaan, staan in skerp kontras tot die vrees en angs wat die Egiptenare beleef het. Die volk antwoord op God se dade deur te sing tot sy eer, en die Egiptenare en die ander volke wat hiervan gehoor het, is oorval met vrees.

Die God van die verbond het sy volk, sy eiendom bewaar en deur die Rooisee gelei. Hy kan dit alles doen omdat Hy regeer tot in ewigheid. Hy regeer oor elke tyd en plek en volk en nasie.

Daar is geen plek op aarde waar God nie volkome in beheer is nie. God se beheer is nie ’n militêre mag nie, maar ’n getuienis van God se almag. Ons staan steeds onder hierdie heerskappy van God omdat Christus die oorwinning behaal het. Daarom antwoord ons onder die leiding van die Gees en juig wanneer ons saam lofliedere sing tot God se eer.

*Sing: Psalm 68-1:1*

*Ds. PF Venter (Peter) (Hoëveld/Witbank)*